basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**FEBRUARIE/MAART 2017**

**MEMORANDUM**

Goedgekeur: Eksaminator
E. Götze
7/3/2017

Goedgekeur: Interne Moderator
R Boucher
7/3/2017

**PUNTE: 80**

**Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 2 2
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

## VRAAG 1

### TEKS A: VROU MET 'N OMGEEHART

[Verwerk uit *Lééf met hart & siel*, Mei 2013]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.1 | • "Wanneer ek sien dat mense swaar kry, help ek graag."<br>• "Ek gee dan altyd wat ek ook al mag hê."<br>(Enige EEN)<br>(Kandidate hoef nie aanhalingstekens te gebruik nie, maar die aanhaling moet woord-vir-woord korrek wees.<br>By hierdie vraag gaan dit nie oor beloftes nie, maar oor omgee.) | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.2.1 | Figuurlik<br>(Vraag 1.2.1 en 1.2.2 is nie interafhanklik nie) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.2.2 | Thembisa bedoel dat een kind nie beter behandeling as 'n ander kind gekry het nie/voorgetrek is nie/daar geen gunstelinge was nie/almal ewe veel liefde ontvang het.<br>(Vraag 1.2.1 en 1.2.2 is nie interafhanklik nie) | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.3.1 | Thembisa se ma het:<br>• nooit toegelaat dat die lewe/haar siekte haar onderkry nie.<br>• positief gelewe/elke dag voluit geleef.<br>• haar geloof behou.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.3.2 | "hoë ouderdom" | 1 | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.4.1 | (Uit) isiXhosa/Xhosa | 1 | 1 |
| 1.4.2 | Thembisa se naam beteken "belofte aan God"✓<br>en sy maak nooit leë beloftes nie/as sy iets vir iemand belowe, doen sy dit.✓<br>(Kandidaat kan een punt verdien indien die tweede deel korrek is. Geen punt word toegeken indien die kandidaat slegs sê wat haar naam beteken nie. Die kern van die antwoord lê in beloftes wat nagekom word.) | 1<br><br>1 | 1<br><br>3 |
| 1.5 | • Thembisa het daarna aangehou toneel speel.<br>• Thembisa het aanhou droom om aktrise te word.<br>• Dit was die begin van Thembisa se lang loopbaan.<br>• Die verhoogstuk het vir haar baie deure oopgemaak. (Die klem val nie hier op die verlede/"teruggekyk" nie.)<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| 1.6 | • B<br>• het nog ander rolle gekry om te vertolk.<br>• B het nog ander rolle gekry om te vertolk.<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| 1.7 | • Thembisa is al lank (amper veertien jaar) deel van die span.<br>• Sy het goeie vriende met die ander akteurs gemaak.<br>• Van die ander akteurs is vir haar rolmodelle/laat haar gelukkig voel.<br>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)<br>(Hierdie vraag handel oor wat *7de Laan* vir Thembisa beteken en nie andersom nie.) | 2 | 2 |
| 1.8.1 | (haar) sin vir humor/sy laat haar lag | 1 | 3 |
| 1.8.2 | Sy is baie reguit/eerlik./Sy sê as sy nie van iets hou nie/is uitgesproke. | 1 | 3 |
| 1.9 | Thembisa kon haar seun gaan groet./Sy kon by wees toe haar seun sterf. | 1 | 1 |
| 1.10.1 | • ("Wanneer dit met jou sleg gaan, is dit normaal om te twyfel), maar jy moet net glo dat alles weer sal regkom."<br>Thembisa het gesê:<br>• jy moet glo alles sal weer regkom (as dit sleg gaan).<br>• dat geloof jou kan help.<br>(Enige EEN)<br>(Kandidate kan nie net "vertroue" of "positief" skryf nie, hulle moet aandui "vertroue" waarin/"positief" waaroor.) | 1 | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Bloom) |
|---|---|---|---|
| 1.10.2 | Ja.<br>• Dit gee jou hoop/iets om aan vas te hou/help jou om op iets positiefs te konsentreer.<br>OF<br>Nee.<br>• As daar 'n krisis is, verwag 'n mens altyd die ergste.<br>• As daar 'n krisis is, is dit moeilik om positief te dink.<br>• As dit sleg gaan, twyfel 'n mens dikwels/maklik/oor jou vermoë.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 4 |
| | | | |
| 1.11 | Sy sê vir/herinner haarself dat dit net 'n storie is/nie die werklikheid is nie.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.12 | 'n Aktrise en 'n student moet (saans) hul werk vir die volgende dag leer/voorberei.<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.13 | • jongmense wat met dwelms worstel/jongmense se stryd teen dwelms<br>• misdaad<br>• geweld<br>• verkragting<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.14 | (In hierdie vraag moet kandidate nie Thembisa se rol in die buurtwag aanspreek nie, hulle moet konsentreer op hoekom haar rol hulle positief laat voel.)<br>• Dit sê vir 'n mens dat daar nog mense/glanspersone in Suid-Afrika is wat 'n verskil wil maak.<br>• Thembisa praat nie net nie; sy doen (iets positiefs).<br>• Dit is goed om te weet Thembisa help misdaad bekamp.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 5 |
| 1.15 | Dit maak haar kwaad/woedend/boos.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.16 | • Thembisa word so as tipies vrou/(baie) menslik uitgebeeld.<br>• Thembisa se bewonderaars kan so met haar assosieer.<br>• Lesers stel belang in alles wat sy doen.<br>• Dit is lekker om te weet glanspersone doen ook gewone dinge.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br>(Aanvaar nie: "Dit vertel wie en wat sy is nie.") | 1 | 5 |
| | | | |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Bloom) |
|---|---|---|---|
| 1.17 | Ek het geleer om ...<br>• my drome te volg/waar te laat word.<br>• die ubuntu-gedagte van omgee prakties uit te leef/in vrede te leef.<br>• vir my land en sy mense om te gee/raad te gee waar nodig.<br>• iets prakties aan die misdaad in Suid-Afrika te begin doen/te bid.<br>• te glo dat dinge weer beter sal gaan.<br>• ook so pligsgetrou en hardwerkend soos sy te wees.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)<br>(Aanvaar ook antwoorde waarin die kandidaat op Thembisa fokus, bv. Thembisa het haar drome uitgeleef. – by implikasie dus die les.) | 1 | 4 |

**TEKS B: SPOTPRENT**
[Uit *Die Burger*, 8 April 2016]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Barrett) |
|---|---|---|---|
| 1.18 | Dat sy pa hul motor se tenk vol petrol kan maak/hulle petrol kan bekostig. | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.19 | minder geld het | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.20.1 | kinderlike | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.20.2 | volwasse | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.21 | Die meisie glimlag/lag. | 1 | 3 |
| | | | |
| 1.22 | • Daar is 'n stofwolkie.<br>• Daar is strepies om die wiele.<br>• Daar is strepies agter sy pet.<br>• Sy hemp waai op.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** | |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING B: OPSOMMING

**Nasien van die opsomming**

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10
- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte
- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 1–5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**LET WEL:**

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 2

### TEKS C: REDES WAAROM TEGNOLOGIE GOED VIR TIENERS IS

[Verwerk uit www.forbes.com]

| Direkte aanhaling | | Eie woorde |
|---|---|---|
| Ouers en onderwysers is dikwels bekommerd oor die negatiewe invloed van tegnologie op tieners, maar tegnologie kan ook goed wees. Die internet bevat baie webwerwe en nie alle webwerwe is sleg nie. **Daar is dikwels nuttige inligting wat tieners kan gebruik vir tuiswerktake.** Die tyd toe leerders biblioteek toe moes gaan vir inligting, is mos lankal verby. | 1 | Die internet help tieners om (nuttige) **inligting** te kry (vir tuiswerktake). |
| **Sosiale netwerke help tieners om maklik, vinnig en goedkoop met mekaar kontak te maak.** Baie mense kritiseer tieners dat hulle nie meer lees nie. Die idee dat tieners net boeke moet lees, is outyds. | 2 | Tieners kan **makliker** met mekaar **kontak** maak (deur sosiale netwerke). |
| **As tieners blogs en aanlyn besprekings lees, help dit met hulle lees- en skryfvaardighede.** Op Netwerk24 kan hulle byvoorbeeld al die koerante kry. | 3 | (Blogs en aanlyn besprekings) **ontwikkel lees- en skryfvaardighede**. |
| **Omdat dit so gerieflik is om inligting vinnig op die internet te kry, help tegnologie om tieners se algemene kennis te verbeter.** Dit is waar dat tieners makliker iets sal lees waaroor hulle nuuskierig is. Tieners verbreed so hulle kennis sonder dat hulle dit agterkom. In musiek, flieks en sosiale media is daar mense en idees van ander kulture dwarsoor die wêreld. In Suid-Afrika is dit juis so nodig dat die verskillende groepe mekaar se kulture sal leer ken. | 4 | (As gevolg van die gerief van die internet) het tieners **'n groter algemene kennis.**/Tegnologie **verbreed** tieners se **algemene kennis.** |
| **Hier help tegnologie dus om tieners se leefwêreld groter te maak.** | 5 | Tegnologie **vergroot** leerders se **leefwêreld**/verwysingsraamwerk /**idees oor ander kulture**. |
| **Met die moderne tegnologie kan leerders hul kreatiwiteit ontwikkel deur hul eie video's en selfs films te maak.** | 6 | Tegnologie **ontwikkel** tieners se **kreatiwiteit**. |
| **Navorsers het bevind dat tieners wat gereeld videospeletjies speel, se reaksietye vinniger word.** Ouers kan dus maar ontspan, want tegnologie het beslis positiewe aspekte! | 7 | **Videospeletjies verbeter** tieners se **reaksietye**.<br><br>(52 woorde) |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 2

### TEKS C: REDES WAAROM TEGNOLOGIE GOED VIR TIENERS IS

[Verwerk uit www.forbes.com]

| Direkte aanhaling | | Eie woorde |
|---|---|---|
| Ouers en onderwysers is dikwels bekommerd oor die negatiewe invloed van tegnologie op tieners, maar tegnologie kan ook goed wees. Die internet bevat baie webwerwe en nie alle webwerwe is sleg nie. **Daar is dikwels nuttige inligting wat tieners kan gebruik vir tuiswerktake.** Die tyd toe leerders biblioteek toe moes gaan vir inligting, is mos lankal verby. | 1 | Die internet help tieners om (nuttige) **inligting** te kry (vir tuiswerktake). |
| **Sosiale netwerke help tieners om maklik, vinnig en goedkoop met mekaar kontak te maak.** Baie mense kritiseer tieners dat hulle nie meer lees nie. Die idee dat tieners net boeke moet lees, is outyds. | 2 | Tieners kan **makliker** met mekaar **kontak** maak (deur sosiale netwerke). |
| **As tieners blogs en aanlyn besprekings lees, help dit met hulle lees- en skryfvaardighede.** Op Netwerk24 kan hulle byvoorbeeld al die koerante kry. | 3 | (Blogs en aanlyn besprekings) **ontwikkel lees- en skryfvaardighede**. |
| **Omdat dit so gerieflik is om inligting vinnig op die internet te kry, help tegnologie om tieners se algemene kennis te verbeter.** Dit is waar dat tieners makliker iets sal lees waaroor hulle nuuskierig is. Tieners verbreed so hulle kennis sonder dat hulle dit agterkom. In musiek, flieks en sosiale media is daar mense en idees van ander kulture dwarsoor die wêreld. In Suid-Afrika is dit juis so nodig dat die verskillende groepe mekaar se kulture sal leer ken. | 4 | (As gevolg van die gerief van die internet) het tieners **'n groter algemene kennis.**/Tegnologie **verbreed** tieners se **algemene kennis.** |
| **Hier help tegnologie dus om tieners se leefwêreld groter te maak.** | 5 | Tegnologie **vergroot** leerders se **leefwêreld**/verwysingsraamwerk **/idees oor ander kulture**. |
| **Met die moderne tegnologie kan leerders hul kreatiwiteit ontwikkel deur hul eie video's en selfs films te maak.** | 6 | Tegnologie **ontwikkel** tieners se **kreatiwiteit**. |
| **Navorsers het bevind dat tieners wat gereeld videospeletjies speel, se reaksietye vinniger word.** Ouers kan dus maar ontspan, want tegnologie het beslis positiewe aspekte! | 7 | **Videospeletjies verbeter** tieners se **reaksietye**. |
| | | (52 woorde) |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**AFDELING C: TAAL**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

**VRAAG 3**

**TEKS D: ADVERTENSIE**
[Verwerk uit www.grafika24.com]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Bloom) |
|---|---|---|---|
| 3.1 | dit 'n baie goeie aanbod in die advertensie is | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.2 | • Die prent (van die krieketspeler).<br>• Die verskillende lettertipes.<br>• Die verskillende lettergroottes.<br>• Daar is vetdruk/skuinsdruk in die advertensie.<br>• Die s-alliterasie trek aandag.<br>• Die interessante kop van die advertensie.<br>• Die wit letters/blok teen die swart agtergrond.<br>• Die aantreklike geskenkpak.<br>• Manipulerende taal (byvoorbeeld "eksklusiewe").<br>(Enige TWEE) | 2 | 2 |
| | | | |
| 3.3 | • "eksklusief vir mans"/"vir mans"✓<br>MOTIVERING:<br>• Vrouens word uitgesluit./Daar is ook vrouekrieketspelers/ krieketliefhebbers/-ondersteuners.✓<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde) | 2 | 6 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Bloom) |
|---|---|---|---|
| 3.4 | • Jy word gratis lidmaatskap (by Love Cricket) aangebied.<br>• Dit is maklik om in te teken.<br>• Jy kry nog baie ander voordele.<br>• Jy kry 'n geskenkpak met promosie-items van die Proteas ter waarde van R500.<br>• Jy kry eksklusiewe uitnodigings na geleenthede waar jy die Proteas en Protea-bestuur kan ontmoet.<br>• Jy kry afslag as jy 'n motor by Budget huur.<br>• Jy kry spesiale behandeling.<br>• Jy kry 20%-afslag op wedstrydkaartjies.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.5 | Jy kry ook die volgende voordele: | 1 | 1 |
| 3.6 | spesiale | 1 | 2 |
| | | | |
| 3.7 | wedstrydkaartjies | 1 | 3 |
| | | | |
| 3.8 | • C<br>• te beklemtoon dat dit 'n krieket-ondersteunersklub is.<br>• C te beklemtoon dat dit 'n krieket-ondersteunersklub is.<br>(Enige EEN) | 1 | 4 |
| | **SUBTOTAAL:** | **[10]** | |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 4

### TEKS E: STROKIESPRENT
[Verwerk uit www.comics.com]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Bloom) |
|---|---|---|---|
| 4.1 | • Die hadidas rek hulle bekke wyd oop.<br>• Die hadidas se geskree word met groter letters aangedui.<br>• Daar is twee uitroeptekens na elke hadida se geskree.<br>• Die skreeklank word lank uitgerek.<br>• Die strepies bokant die hadidas se koppe.<br>(Enige TWEE) | 2 | 3 |
| 4.2 | • Die groter lettertipe/skrif.<br>• Die letters is in vetdruk./Die donker skrif.<br>• Die uitroeptekens na die klank is groter/vetgedruk.<br>• Die langer (klank)strepies voor die vuvuzela.<br>(Enige TWEE) | 2 | 3 |
| 4.3 | Die hadidas:<br>• wip soos hulle skrik/spring in die lug/die pote is in die lug/lyk of hulle wil omval.<br>• se lywe wip vorentoe.<br>• se oë is groot.<br>• se vere lig op.<br>(Enige EEN)<br>(Aanvaar nie: hulle snawels hang nie.) | 1 | 3 |
| 4.4 | (splinter)nuwe | 1 | 2 |
| 4.5 | Die hadida vra sy vriend wat so 'n groot geraas maak. | 1 | 3 |
| 4.6 | tevrede | 1 | 2 |
| 4.7 | • C<br>• strepies<br>• C strepies<br>(Enige EEN) | 1 | 4 |
| 4.8 | • Om te vermaak./Om die leser te laat lag/humor te laat beleef.<br>• Om die vrou se irritasie met die hadidas uit te beeld.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) | 1 | 3 |
| | **SUBTOTAAL:** | **[10]** | |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 5**

**TEKS F: ARTIKEL: 'n (Gesond) lewenstyl is broodnodig!**
[Verwerk uit *Gesond Binne Vyf Minute*, 1999]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Bloom) |
|---|---|---|---|
| 5.1 | (G)gesonde | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.2 | Soggens is daar nooit genoeg tyd nie.<br>(Die opdrag dui aan dat "altyd" verander moet word.) | 1 | 3 |
| | | | |
| 5.3 | ontbyt/oggendete/brekfis | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.4 | voedsamer | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.5 | losgemaak | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.6 | lus | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.7 | daaraan | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.8 | voedingstowwe | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.9 | • Begin vandag nog daarmee! (Uitroepteken is opsioneel)<br>• Jy moet vandag nog daarmee begin! (Uitroepteken is verpligtend.)<br>(Enige EEN) | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.10 | Suid-Afrikaners | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.11 | 'n Mens kan gewone stoom gebruik sodat jy dadelik (kan) beter (kan) voel. | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.12 | Jy behoort kruie vir die naarheid te gebruik./Jy behoort kruie te gebruik vir die naarheid. | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.13 | En as 'n hele dag se werk wag, is daar ook hulp. | 1 | 2 |
| | | | |
| 5.14 | • A<br>• arms<br>• A arms<br>(Enige EEN) | 1 | 3 |
| | **SUBTOTAAL:** | **[14]** | |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 5**
**TEKS G: PRENT**
[Uit: *graphics4.png.onx.org.png*]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK (Bloom) |
|---|---|---|---|
| 5.15.1 | Hoera/Jippie | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.15.2 | reis | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.15.3 | serp | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.15.4 | (son)bril | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.15.5 | slot | 1 | 1 |
| | | | |
| 5.15.6 | laaier | 1 | 1 |
| | **SUBTOTAAL:** | **[6]** | |

| | |
|---|---|
| **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |
| **GROOTTOTAAL:** | **80** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 22
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

Kopiereg voorbehou